Voorsitter / Chairman
Sarita Meiring
27(0)82 777 4863

Tesourier / Treasurer
Danie Louw
27(0)82-829-8344

Sekretaresse / Secretary
Liezelle Whitehead
27(0)82-361-0158
lwhitehead@telkomsa.net

Addisioneel / Additional
Neil Theron
27(0)83 305 2394

Addisioneel / Additional
Henry Krog
27(0)72 228 3641

VRYSTAAT
SA BOERPERD

## Algemene Jaarvergadering 19 Mei 2012 gehou te Roemryk SA Boerperd by Edenville

Sarita Meiring open met skriflesing en gebed

Sarita Meiring verwelkom almal teenwoordig en in besonder vir SW Esterhuisen as nuwe lid, Oom Koen en Hannes en Rozelle Hatting van Harrismith.

Sarita Meiring wens Jannie en Magdaleen Bosch sowel as Oom Kobus Odendaal sterkte en vinnige beterskap toe.

Danie Louw lê 'n tussentydse finansiële verslag voor. Hy bevestig dat die klub se jaareinde saam met die Genootskap se jaareinde van 30 Junie val. Die klub se ledegelde is R110 per gesin per jaar en verskeie lede se gelde is steeds uitstaande. Daar word 'n beroep gedoen dat die lede hul gelde op datum sal kry. Bloemskou se gelde is deur die klub hanteer.

Sarita Meiring lewer 'n verslag oor die jaar se aktiwiteite:

1. Die 2011 hingskeuring is baie suksesvol by Michiel en Karien Burger aangebied.
2. 'n Volledige beoordelaars kursus is by Moolmanshoek aangebied.
3. Die Vrystaat klub reël die spring en dresseer afdelings van die Nasionale Kampioenskappe te Parys. Dank aan Piet en Petro Grove sowel as Riana Pretorius vir hul hulp.
4. Ruiterkuns kliniek vir saddleseat en standard seat word by Glenda Koen aangebied.
5. Plesierrit word in die Van Reenen omgewing gereël maar weens te min belangstelling gekanselleer.
6. Kuddebesoek word by Jannie Bosch gereël maar agv persoonlike omstandighede gekanselleer.
7. Vrystaat Streekskampioenskappe word in samewerking met skoukomitee onder leiding van Johan Nel te Bloemfontein gereël.
8. Die 2012 hingskeuring is suksesvol by Lomon en Rina-Marie Terreblanche aangebied.

Die Vrystaat Streekskampioenskappe skoukomitee rig 'n versoek dat hul die 2013 skou weer in Bloemfontein kan reel en goedkeuring word deur die vergadering gegee. Die aansoek sal deur die klubbestuur aan die raad vir goedkeuring voorgelê word.

Michiel vra dat die klubbestuur meer insette by die Bloemskou moet lewer, veral op praktiese vlak.

Daan Kotze vra dat daar 'n pligstaat tov die skou opgestel sal word.

Dirk Odendaal vra dat daar 'n groter verskeidenheid baanbeamptes en versamelring beamptes moet wees. Om kostes te bespaar kan plaaslike persone gebruik word. Hy doen 'n beroep dat kursusse vir beamptes aangebied moet word.

Michiel Burger noem dat die Nasionale Kampioenskappe van 1 tot 6 Oktober in Parys gaan plaasvind. Saterdag die 6de sal daar ‘n ope spring kompetisie plaasvind. Michiel waarsku dat dit ‘n duur skou gaan wees. Daar sal weer ‘n Ster Hings veiling wees. Die prysgeld vir die eesrte Ster Hings speenoud vul sal R70 000 wees. Die proewe vir die kies van die Ruiterkuns span wat aanstaande jaar teen die Morgan Ruiterkuns span gaan deelneem sal tydens die nasionale Kampioenskappe gehou word. Daar word beplan dat dit in die vorm van ‘n provinsiale spankompetisie sal plaasvind. Goed afgerigte perde wat vir saddleseat, standard seat en dryfklasse gebruik kan word gaan benodig word vir wanneer die Amerikaners in 2013 hier kom kompeteer. ‘n Beroep word gedoen dat terels/eienaars perde beskikbaar sal stel.

Piet Potgieter rig ‘n uitnodiging aan SA Boerperd vertoners om tydens ‘n Friesperd skou wat die eerste naweek van September 2012 in Vrede gehou te kom deelneem.

Dirk Odendaal stel voor dat daar ope klasse sal wees eerder as SA Boerperd klasse.

Michiel Burger ondersteun dit en sê dat dit nie as streekskampioenskap oorweeg kan word nie. Ons kan dit op ons webblad adverteer.

Daan Kotze komplimenteer die klub pette en hemde en stel voor dat ons ‘n klubbaadjie/onderbaadjie aanskaf. Liezelle sal daarmee help.

Daan Kotze vra dat die standard tov keuring van bene moet lig.

Lomon Terreblanche stel voor dat keuring strenger moet wees sodat afkeurings in die toekoms sal verminder. Verder behoort klubs meer bouvorm inligtings dae te hou.

Michiel Burger sê dat keuring nie net ‘n swart en wit saak is nie, maar dat daar heelwat grys areas is. Keurders identifiseer tekorte/probleme en gebruik diskresie waar nodig aangesien verskeie faktore ‘n impak op keuring het.

Dirk Odendaal lewer ‘n verslag oor pas afgelope keuringstoer en merk op dat die keurders goed ontvang was en die perde oor die algemeen goed versorg is. Opmerkings is dat bene gereeld ‘n probleem is en dat telers maklik in eie foute vaskyk. Hoef versorging van speen ouderdom is belangrik tov die vorming van die been. Net so het voeding en versorging ‘n belangrike impak. Die 2011 hingste was vir hom ‘n beter groep perde as die 2012 hingste.

Piet Potgieter is van mening dat dit belangrik is om te besef dat ‘n perd meer as net een eienskap het. Hy voel dat ‘n teler soms sterk eienskappe moet benut ten spyte van swak eienskappe aangesien die teler slegs met die perd vir eie stoet gebruik wil teel. Hy stel voor dat die rasstandaard nie so streng moet wees vir merries nie en dat die hingste foute soos been foute moet regmaak.

Michiel Burger sê dat die probleem inkom wanneer telers swakker perde slegs vir eie teling agv genepoel wil gebruik, hul gereeld nie by hul woord hou nie en dan die perde in elk geval as gebrande perde verkoop. Hy vertel die vergadering van die gevorderde rekenaar program wat die Genootskap gaan aankoop en deur Dawn Mansfield gebruik gaan word. Hierdie program sal tekorte en sterk punte in ons Genootskap se perde uitwys en vir die verbetering van die ras of individuele telers beskikbaar wees.

Verkiesing van die nuwe bestuur:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dirk Odendaal |
| Penningmeester | Herman Pheifer |
| Sekretaris | Heinrich Kuhne |
| Add lid | Daan Kotzé |
| Add lid | Neil Theron |

Baie geluk en sterkte
Die vergadering verdaag en sit aan vir ete.